DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

SOLA *Scriptura* SOLA *Fide* SOLA *Gratia*

SOLUS *Christus* SOLI *Deo Gloria*

29 Oktober 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 46: 1, 4	Sing vooraf	Ps. 62: 4, 5
Sing	Ps. 147: 1, 2	Sing	Ps. 33: 1, 6
	Ps. 94: 8, 10		Ps. 74: 8, 9, 16
	Sb. 5-2: 8, 9 (7)		Ps. 124: 1, 3
	Ps. 73: 11, 12		
Skriflesing	Romeine 1: 8-17 ; 3: 9-31 HK Sondag 23 Vraag 59-61	Skriflesing	Daniël 12: 1-13
Teks	Romeine 1: 17 ; 3: 21-24	Teks	Daniël 12: 6-7
Tema	**Die waarde van geloof in Christus - die gelowige is regverdig voor God**	Tema	**Die oorwinning is in Christus gewaarborg**
Katkisasie-opening: Psalm 122: 1			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Lidmate word dringend versoek om asseblief alle uitstaande lidmaatinligting vorms so spoedig moontlik te voltooi en by die kerkkantoor in te handig of per e-pos te stuur na gkbellville@mwebbiz.co.za Kopieë is beskikbaar by die deure, in die konsistorie en in die kerkkantoor. Dit kan ook afgelaai word van die gemeente se webwerf. Ons wil graag die opdatering van die databasis finaliseer.

BASAAR

Namens die sustersbestuur en die basaarkomitee wil ons vir die gemeente opreg bedank vir elke lidmaat se hulp, bydraes en ondersteuning. Ons loof en dank ons Hemelse Vader vir 'n geseënde dag en vir die geleentheid waar lidmate hulle deel kon doen tot opbou van die gemeenskap van gelowiges.

BYBELSTUDIE

Bellville - Geen bybelstudie hierdie week
Bybelstudie vir ma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving

HEKEL-EN-BREI

Die hekel- en brei-groepie kuier weer saam op DV **Donderdag, 2 November** van 19h00 tot 21h00 in die konsistorie. Hiermee word almal vriendelik uitgenooi om by ons aan te sluit! Nooi gerus ander vriendinne ook saam. Laat weet asseblief op die *WhatsApp* groepie teen Dinsdag indien jy kan kom. Vir enige navrae, kontak gerus vir sr. Emzy Venter.

KLIPPIES

Die laerskool leerders kom DV Vrydagaand vanaf 18h00 tot 20h00 op die kerkterrein bymekaar. Vir meer inligting kontak asseblief vir sr. Debbie Daling.

LEWENDE STENE & ROTSE

Alle graad 8 tot 25 jariges kom DV **Sondag, 5 November** by die kerk bymekaar vir 'n bybelstudie en sosiale geleentheid. Elkeen moet sy/haar gunsteling bybelvers saambring. Ons gaan ook tafeltennis en ander speletjies speel. Meer inligting volg binnekort. Laat weet asseblief op die *WhatsApp* groepie indien jy daar gaan wees, voor of op Vrydag 3 November. Indien jy nog nie op die groep is nie, kontak vir sr. Carolien Meijering.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Miems Swanepoel wat tydens 'n uitstappie geval en haar sleutelbeen gebreek het
- Br. Ben van der Walt wat 'n ligte beroerte gehad het

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Die laaste aksie vir die jaar vind plaas op DV **Saterdag, 18 November**. Ons reël 'n uitstappie na die Kirstenbosch Botaniese Tuine. Hiervoor het ons egter asseblief hulp vanaf die gemeente nodig.

Hulp in die vorm van die volgende word benodig:

- **Vervoer** vanaf Laerskool de Waveren na die Kirstenbosch Botaniese Tuine en terug
- Finansiële skenkings om die volgende onkoste te dek: **T-hemde** vir die kinders om hulle maklik uit te ken, **skryfbehoeftes** vir 2018, **toegangsfooie** en **middag-ete**.

Hiermee saam wil ons graag die gemeente uitnooi om ook die dag saam met ons deur te bring. Bring u gesin en 'n piekniekmandjie en kom kyk wat by Skiereiland vir Christus gebeur.

Indien u op bogenoemde wyses kan help, kontak asseblief sr. Jana de Bruyn of sr. Elré Gerber.

2018
Ons is ook reeds besig met 2018 se jaarbeplanning vir Skiereiland vir Christus en wil graag die gemeente se talente gebruik vir die aksies wat aangebied word. Ons fokus vir aksies is:
1) kinder-vriendelike aksies en
2) aanleer van lewensvaardighede.

Moontlike aksies wat deur die groepleiers uitgewys is as probleem-areas is die volgende:

- Hantering van boelie-gedrag
- Selfverdediging
- Liggaam as beeld van God / eetgewoontes / molestering
- Geld – hoe hanteer ek my geld?
- Natuurbewaring
- Lees – die kinders van 10-jarige ouderdom sukkel om te lees en indien daar iemand is wat iets nuttigs in 'n uur en 'n half vir die kinders kan beteken, sal ons die geleentheid aangryp.
- Noodhulp
- Dwelmmisbruik
- Paraatheid ten opsige van veiligheid in 'n bende-omgewing
- Misbruik van tegnologie en sosiale media

Indien u geroepe voel om u talente en gawes aan te bied vir ons, kontak asseblief vir sr. Magda Groot. Sy sal vir u riglyne gee van wat van u verwag word, asook 'n datum.

3. SUSTERS

AFSLUITING
Alle susters word hartlik uitgenooi na ons afsluiting op **Woensdag, 29 November** om 19h00. Kom geniet 'n kreatiewe aand met kaas en wyn! Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal.

DAGBOEK
Woensdag, 8 November: vergadering word gekanselleer
Dinsdag, 14 November: Sustersbestuur (2017 & 2018) vergadering om 19h00

TEESKINKBEURTE
Vandag: Wyke **Welgemoed** (Marie de Haan), Durbanville 2 (Hilde Coetzee) en Boston 2 (Marika Momberg)
Woensdag (Breë Kerkraad): Wyke **Oude Westhof** (Tillie Wüst), Goedemoed (Jethie Buys), Langeberg Ridge (vakant) en Bosbell/Hoheizen (Lizette Opperman)
Volgende Sondag: Wyke **Blouberg** (Nicolette van der Walt), Brackenfell (Istelle Costerus) en Glenlily (Deléne Vrey)

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS
Diakens
Vandag: Brs. Marten Daling, Ferdinand Hoffman, Jeanré Taljaard, Piet Reyneke
Volgende week: Brs. Dewald Costerus, Cobus du Plessis, Chrisjan Vrey, Jaco Coetsee

Ouderlinge
Vandag: Brs. Gustaaf Costerus, Ben Groot, Freddie Scheepers, André Coetzee
Volgende week: Brs. Ben van der Walt, Mark Lyons, Cassie Bester, Gert Mulder

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Wilhelm Groenewald, Ian Snyman
Volgende week: Brs. Piet Aucamp, John Eiberg

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT
November: 13/11 Blouberg, 27/11 Welgelegen

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	GK Elsiesrivier
By die deure:	Bybelverspreiding	Bolandse Bedieningsfonds

PREDIKANT UITSTEDIG
Ds. Coen Vrey is Dinsdag in Potchefstroom vir 'n deputate vergadering.

VERGADERINGS
Basaar Kommitee
Vanaand na die erediens in die kerkgebou
Breë Kerkraad (ouderlinge & diakens)
Woensdag om 19h00 in die konsistorie

5. VERJAARSDAE

Vandag	Sr. Eleonor Visser
01/11	Sr. Chanté Wendt
02/11	Br. Bennie de Koker
04/11	Br. Llen Labuschagne

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville
Broadway 6, Bellville, 7530 Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30

Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
RCSS Webtuiste	https://rcsasouthernsuburbs.com/	
Skriba	Oudl. Berend Meijering	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld	
Vertalers	Brs. Willem de Haan en Freddie Scheepers	
Webmeester	Br. Ben van der Walt	021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za